



Lewend saam met Christus

Efesiërs 2: 9 en 10

⁹Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. ¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

Om lewend saam met Christus te lewe beteken dus:

1. Ons pas Sy “goue reëls” toe.

“Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.” (Mat 7:12)

2. Ons behoort die minste te wees, soos Hy. ²⁶Maar by julle moet dit nie so wees nie. Intendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. ²⁷Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien. (Luk 22:26 & 27)

3. Ons moenie oordeel nie.

“Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; ²met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir

4. Om te vergewe, soos Hy.

“As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. ¹⁵Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

(Mat 6:14 & 15)

5. Ons behoort te gee, soos Hy.

“Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.” (Hand 20:35c)

Kom ons gee onself vir hierdie Here.

Neem my lewe, laat dit, Heer (L308)

1. Neem my lewe, laat dit, Heer, U gewy wees meer en meer. Laat my hart gedurig juig en van dankbaarheid getuig.
2. Neem my hande, maak hul sterk diensbaar in u goeie werk. Neem my voete, skoei hul, Heer, met bereidheid tot u eer.
3. Neem my stem en laat my sing aan U, Here, hulde bring. Laat my mond dié boodskap dra: Hul sal vind wat na U vra.
4. Neem my goud en silwer, Heer niks noem ek my eie meer. Al my kennis en verstand stel ek in u vaderhand.
5. Maak my hart vir U tot troon deur u Gees wat in my woon. Rig my wil, gevoel en daad



NG Gemeente Gansbaai

Seemeeu



Nederduits Gereformeerde Gemeente Gansbaai

April 2022

Voorwoord

Amptelik is die Ramptoesand opgehef. Covid-19 is “verby”.

Die impak wat die pandemie op ons gehad het en steeds het, sal nog lank by ons bly. Paastyd is hier. ‘n Tyd van diep nadenke en afwagting. In hierdie uitgawe dek ons verskeie onderwerpe wat tot ons spreek en saamvloei met Lydenstyd en Paasfees. Baie dankie aan die outeurs van die artikels.

‘n Geseënde Paasfees word u toegewens.



Betekenis of Gebeurtenis ...

Sondag 17 April 2022 vier ons Paasfees.

Na my mening die hoogtepunt van die kerklike jaar. Die Oosterse Ortodokse-kerk vier egter eers Paasfees op die 24ste April. Elke jaar is dit ‘n seer oog vir die kerk dat die Oosterse-en Westerse kerk hierdie hooftpunt nie op dieselfde naweek vier nie. Die rede hiervoor is veelvoudig. Gedeeltelik omdat die Westerse kerk Paasfees bereken volgens die Gregoriaanse kalender, terwyl die Oosterse kerk die ouer Juliaanse kalender gebruik.

Daar is nog verskeie ander berekeninge wat ver bo my vuurmaakplek is. In die Weste lê die fokus op die betekenis van Pase en het dit in geheel weg beweeg van die Joodse Pasga wat hierdie jaar vanaf 15 tot 23 April plaasvind. Die Oosterse kerk hou streng by die korrekte tradisie van Paasfees Paas-

klem lê baie sterker op die **gebeurtenis** in terme van tyd en plek.

Ons sou dus kon sê dat die Westerse kerk fokus op die **betekenis** van Pase terwyl die Oosterse kerk fokus op die gebeurtenis.

Ons leef natuurlik in ‘n tyd van kant kies. ‘n Tyd waar kant kies uitloop in brutale media oorlogvoering of selfs massamoord. Stigting van nuwe organisasies, afbreek van ander.

Tog kyk ek na my kinders en wonder wat hulle oor 30 jaar van die kerk gaan sê? Ek is nie seker dat ek wil kant kies nie. Is Paasfees nie juis die tyd wat betekenis en gebeurtenis bymekaar bring nie? Waar God deurgebreek het in ons wêreld en betekenis kom gee het aan die gebeurtenisse van ons lewe nie?

Ons het soveel om by mekaar te leer. Soms is dit nie net nodig om ander wat anders dink en doen as ek, te omarm nie, dis selfs goed vir my.

Dit bring my nader aan die waarheid wanneer ek in hul gebeurtenisse ook die betekenis sien wat ek geglo het slegs uit my verhaal kan leef.

In ‘n era van kant kies en oorlog maak het ons nodig om nie soveel finale keuses te maak nie. Het ons nodig om, soos die Gekruisigde, ander te oorrumpel met genade eerder as met standpunte. verskille oorbrug. Ek sal graag wil hê dat my kinders eendag in my, as deel van die kerk, iets sal beleef van die Een wat betekenis kom gee aan gebeurtenisse. Die Een wat sag is oor verskille. Wat brood gee eerder as bomme, letterlik en figuurlik.



Die Christelike kerk en God se skepping

Die Bybel verkondig goeie nuus alreeds in die eerste vers in die Bybel: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep". Die skepping van die hemel en die aarde is die eerste, majestieuse en genadige handeling van die Drie-enige God. Dit is God wat dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur Sy woord (Rom. 4:17).

Die skepping is gebore uit die liefdevolle wil van God. Gelowiges bely dat toeval nie die outeur van die Skepping is nie, maar die Drie-enige God.

Die belydenis van God as skepper word vandag uitgedaag deur die ekologiese krisis wat ons wêreld in die gesig staar. Enkele voorbeelde van die krisis is die volgende: Kernkragtragedies, onhanteerbare bevolkingsgroei, oorverhitting van die aardbol, vernietiging van die osoonlaag, ontbossing en vernietiging van die tropiese reënwoude, lug-en waterbe-soedeling, suurreën, gronderosie, uitputting van marine-hulpbronne, vernietiging van diere en plantspesies.

chemiese- en kern-afval en watter nadelige ekologiese gevolge het verstedeliking?

Die omvang van die huidige ekologiese krisis noodsaak die kerk om haar skeppingsleer te herbedink. Die kerk kan nie die huidige debatte oor die ekologie ignoreer of van minder belang ag nie. Die aanklag teen die Christelike kerk is dan ook inderdaad dat die kerk 'n aandeel in die huidige ekologiese krisis het. Kritici meen die kerk se lering, dat die mens alleen na die beeld van God geskape is (Gen 1:26a) en dat die mens heerkappy moet uitoefen oor alle skepsels, bygedra het tot die destruktiewe behandeling van die skepping. Volgens baie kritici moet die Christelike kerk 'n ekologiese bekering ondergaan en betrokke raak in 'n proses van selfkritiese denke oor die aangeleentheid. Anders gestel, die kerk benodig 'n bekering tot 'n ekologiese sensitiviteit. Die planeet het die kerk nodig om om te gee.

Die eerste belangrike tree, is om die diep-erliggende menings en sienings te identifiseer wat bydra tot die ekologiese krisis. Enkele menings en sienings word ge-

Laat, Heer, u vrede deur my vloei (L284)

1. Laat, Heer, u vrede deur my vloei - waar haat is, laat ek daar u liefde bring Laat ek in pyn en smart vertroostend wees en krag gee deur geloof in U, o Heer.

O Heer, help my om altyd so te leef - om ander hoër as myself te ag. Ja, om lief te hê - ander bo myself - en ook eerder te gee as te verwag.

2. Laat, Heer, u vrede deur my vloei - en laat ek hoop gee waar daar twyfel is. ek wil u lig in duisternis laat skyn. Laat ware vreugde altyd uit my straal.



Paasvieringe en gebruike in VGK gemeenskap

Paasfees word in die VGK, net soos in die NGK in die kerklike jaar gevier, tydens Maart of April. (*Sien uiteensetting in Ds Hanri se stuk op bl 1*)

Die Paasvieringe begin met Aswoensdag en word die lyding van Christus tydens die Lydensondae tot en met Paasnaweek beklemtoon. Dit was dan ook hierdie jaar die geval in die plaaslike VGK Gansbaai, Stanford, Pearly Beach. Tydens die lydensweke word veral in die prediking en die liedere op die lyding van Christus gefokus. Die Paasvieringe bereik dan sy hoogtepunt met Paasnaweek. Op Goeie Vrydag, asook Paassondag word dienste gehou wat gewy word aan die herinnering van die kruisiging van Christus en die opstanding op die Paassondag onderskeidelik.

Tydens die Goeie Vrydag-diens word ook Nagmaal bedien. Hierdie jaar het die Gansbaai-streek besluit om iets ekstra te doen, naamlik om op die laaste Lydensondag 'n Paassangdiens te hou.

herinnering geroep.

Drie tonele is voorgestel, naamlik die lê van palmtakke deur die kinders, die dra van die kruis deur Simon van Sirene, asook die engel wat aan die vroue by die graf verskyn het. Die deelnemers was nogal baie ingenome met hulle Bybelse kleredrag.

Wat Paasgebruike betref, kan veral gemeld word dat dit 'n ou tradisie is in die bruin gemeenskap om net vis te eet op Goeie Vrydag, en natuurlik veral Kerrievis. 'n Mens kan amper praat van die heilige kerrievis!

Die eet van vis word nogal veral deur Woolworths aangemoedig deur die verkoop van kerrievis in die Paastyd! Hierdie gebruik het ontstaan uit die Katolieke tradisies om nie warmbloedige diere te eet op Goeie Vrydag nie. Daarmee word Jesus se dood erken as boetedoening. Die lees van veral die kruiswoorde op Goeie Vrydag is ook by sommige gemeentes 'n instelling.

'n Ander gebruik is om op Paassondag, vroeg die oggend, liedere te gaan sing in die begraaftplaas, opgevolg deur 'n mars na die kerk. Gedurende Paassondag





Ononderbroke lig

In die vroegste kerk was Paasfees, die Opstandingsfees, vir baie lank die belangrikste fees. Vir baie lank is bekeerlinge dan ook op Paassondag gedoop met liturgie en ritueel wat dui op nuwe lewe. Op verskillende manier is die verlede die hede gemaak. Die viering van 'n historiese gebeurtenis, naamlik Jesus se opstanding, is deur prediking en liturgie in die NOU ingebring. Gregorius van Nyssa (4de eeu) het byvoorbeeld in 'n paaspreek die verband getrek tussen die uittoeg uit Egipte, die pasga-lam en die opstanding: "Vandag het ons ontsnap van Egipte en van die Farao; daar is niemand wat ons verhinder om die fees van ons Here te vier en om die fees te vier nie in die suurdeeg van kwaadwilligheid en boosheid nie, maar in die ongesuurde brood van opregtheid en waarheid... gister was ons gekruisig saam met Hom, maar vandag is ek saam met Hom verheerlik, gister het ek saam met Hom gesterf, maar vandag is ek saam met Hom lewend

Die kerkvaders het dan ook gepraat van die "teenwoordige genade" wat deur liturgie en simbool tasbaar gemaak is. Hierdie genade verwys nie net na genade wat vloei uit die Opstanding nie, maar ook na die werklike liturgiese viering van die Opstanding wat die genade tasbaar maak in ritueel. Ligte (fakkels) is aangesteek in kerke sodat dit nooit donker word totdat die son opkom op Paassondag nie. Gregorius van Nyssa skryf dat elke ander dag in die jaar word die lig van die son oorgeneem deur die donkerte, maar hierdie nag word nag gekanseleer deur die lig wat die dag verleng. Dus, volgens Gregorius word Paasfees ingelei deur 'n onopgebroke dag. Die genade word 'n tasbare ervaring en waarheid in die liturgie. Ons is gewoond aan lig in ons huise as dit donker word buite en ons verstaan moontlik die simboliek nie dieselfde nie, maar mag elkeen hierdie Opstandingsondag die tasbare "nou"-genade van die God van lewe beleef.

Bronne: Robert Wilken, *The Spirit of Early Christian Thought*; Laurie



Geseënde Paasfees!

Mag jy tydens Paasfees dieper ingetrek word in die liefde wat God vir ons kom bewys in Jesus se kruisdood, en mag die krag van sy opstanding jou hart en wêreld verlig.

(vervolg van bl 2)

Uit: *Faith seeking understanding*, D.L. Migliore).

1. Die mens –in –die – sentrum siening (antroposentrisme)

Volgens hierdie siening bestaan die wêreld bloot om aan die mens se behoeftes en begeertes te voorsien. In die verband **het Protagoras** gesê: "**Die mens is die maatstaf van alle dinge**". Hierdie seining het deur die eeue rampspoedige gevolge gehad vir die aarde. Het die Christelike kerk bygedra tot die uitleef van die siening?

Ongelukkig is die antwoord, ja. Die bekende **Feuerbach** het die Christelike kerk se aandeel skerp verwoord:

"Nature, the world, has no value, no interest for Christians. The Christian thinks only of himself and the salvation of his soul."

Volgens die Bybel is dit nie die mens wat in die sentrum van die skepping (heelal) staan nie, maar God self. (Teosentrisme). Diere- en plantlewe is nie daar vir die mens se gebruik alleen nie. Plante en diere is tog daar om deur hul blote bestaan vir God te loof.

2. Mag as dominansie

Aan die hart van die ekologiese krisis lê die kwessie van magsmisbruik. Die wetenskap het ongetwyfeld bygedra tot die positiewe ontwikkeling van ons wêreld. Tog is dit ook waar dat die wetenskap nog altyd gepoog het om die natuur "onderdanig" te maak aan menslike kennis en behoefte. Die wetenskap het weinig daarin geslaag om saam met die natuur te werk met die oog op die gemeenskaplike welsyn van mens en alle skepsels.

Volgens hierdie siening staan die mens en die skepping in 'n baas - slaaf-verhouding.

Het die kerk bygedra tot die bevordering van 'n magsverhouding tussen mens en skepping? Ja, ook in die verband het die kerk deels bygedra.

Die siening dat die mens aangestel is om te heers oor die skepping, is dikwels verkeerd verstaan. Die mens is nie aangestel om met mag te heers oor alles in die skepping nie.

Die heerskappy het te doen met bewaak en beskerm.

3. Die ontkenning van die noue samehang van die werklikheid.

Vandag weet ons dat alle lewe op aarde interafhanklik van mekaar is en aan mekaar verbind is. Alle lewe moet gerespekteer word. Dra die kerk by tot 'n lewe van respek teenoor alle vorme van lewe?

4. Die aanname van onbeperkte hulpbronne.

Die aanname dat skoon lug, skoon water en vrugbare grond onbeperk is, het bygedra tot die eksploitasie van die aarde.

Die moderne mens dink die aarde se bronne sal nooit opraak nie.

Indien dit wel gebeur, sal die wetenskap voorsien aan die nodige behoeftes van die mens. Hoe help die kerk om hierdie vals aanname aan te spreek?

5. Verbruikermentaliteit

'n Verbruikersmentaliteit is die ideologie van ons tyd.

Sarte het gesê: "I think, therefore I am". **Die verbruikersmens sê:** "I consume, therefore I am".

(vervolg van bl 3)

Ernst Conradie skryf in sy boek, **Waar op deesarde vind mens God?** oor 'n leefstyl wat gaan om die najaag van plesier en besittings. Hy skryf oor die verbruikersmens as volg :” jy soek die een opwindende ervaring na die ander, jy wil die maksimum uit die lewe haal terwyl jy nog jonk is en krag en gesondheid geniet.

Jy leef net vir aande, naweke en vakansies en is voortdurend op soek na nuwe maniere om jou onbevredigde behoeftes te vervul en verder te stimuleer. Jy wil min verantwoordelikhede aanvaar - jy wil eintlik net uitgelos wees en genoeg geld hê vir eindelose pret en plesier.

Jy glo immers dat jy 'n reg het om

Materialisme is nou verwant aan hierdie lewe van genot(hedonisme).

Die mens van ons dag se lewe draai om geld, besittings, status, sukses, ens. In 'n verbruikerskultuur word selfs mense en verhoudings verander in kommodeiteite.

Terwyl talle die aarde en sy bronne opgebruik, het miljoene feitlik niks om van te leef nie.

Hierdie paar sienings of houdings grondliggend aan die huidige ekologiese krisis, maak dit duidelik dat ons met 'n teologiese en geestelike krisis te doen het.

In die woorde van Migliore:

”Recovery of faith in God the creator and respect for the whole of God’s creation is a matter of great urgency. “

As die kerk haarself moet afvra, wat is ons sendingroeping vandag, moet die onderwerp van ekologie 'n wesenlike

Is dit wat ons vir ons kinders wil los?



Gebed vir die skepping

Here skenk aan my die Wysheid van U Woord



sodat ek in die breukdeel van my bestaan tot seën kan wees vir die bietjie aarde wat ek bewandel.

Skepper -God, gee my Moed om in te tree vir U aarde wie se stem stil geword het onder gierigheid, hebsug, grypsug, materialisme, en die dwase rede.

Here lei my om Geregtigheid te laat geskied teenoor ons Moeder aarde wat ly onder die geweld van besoedeling, aardverhitting, oorontginning, ontbos-sing en ek-gee-nie-om-houdings.

Here, laat U Gees my lewensstyl van oordaad hervorm tot 'n lewe van Matigheid.

Here, kroon my met eenvoud en nederigheid en maak my so tot seën vir U Skepping. Skepper Gees, wek in my Geloof, Hoop en Liefde wat heilige af-drukke en indrukke sal maak op U aarde,



Paasfees: Skrif en Simboliek

Lees en bestudeer die volgende Bybel-gedeeltes wat ons herinner aan die Paasverhaal.

Maak gerus 'n Paasfees-uitstalling met rooi doeke, 'n kruis en 'n oop graf en sit die simbole daarby neer.

Skrifgedeelte

| Simboliek | Betekenis

Matt 21: 1-11 | Stukkie gekleurde material. Simboliseer die intog van Jesus in Jerusalem op die donkie. (Gekleurde klere in die pad)

Matt 26: 26-30 | Stukkie brood Simboliseer die laaste maaltyd van Jesus en sy dissipels in die bovertrek.

Joh 13: 1-17 | Stukkie seep Herinner aan Jesus wat die dissipels se voete gewas het.

Joh 13: 18-30 | Drie eenrandstukke Herinner aan die 30 silwerstukke wat Judas vir sy verraad ontvang het.

Mark 15:16-20 | 'n Doring Simboliseer die kroon wat Jesus moes dra.

Mark 15:21-24 | 'n Dobbelsteen Vertel van die soldate wat oor Jesus se klere geloot het.

Mark 15: 21-32 | 'n Kruis Om Jesus se dood aan die kruis te simboliseer.

Mark 15: 33-41 | 'n Stukkie swart lap of papier

Herinner ons aan die duisternis wat die aarde oorval het.

Matt 28: 1-15 | 'n Sjokolade eiertjie

God se wonderlike Skepping!

